

28 Maart - ELLENDE

Skrifgedeelte: Jesaja 48:8-11 (NAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 48:10

Met ons geboorte beland ons in 'n wêreld vol geestelike en fisiese ellende. Wat bedoel ons daarmee? Die woord *ellende* is geërf uit Germaans wat *balling* beteken. Dis iemand wat uitgeworpe, met geen regte, in 'n vreemde, vyandige land verkeer; 'n lewe sonder uitsig en hoop.

Die Heidelbergse Kategismus (So 2 en 3) lei ons na die dieptepunt van ons ellende. Ons het deur ons sonde vreemdelinge by God geword. Uit die paradys gewerp, leef ons nou in 'n vervloekte wêreld vol sonde, onreg, pyn, natuurrampe en die dood. *Ons haat God en ons naaste* (HK antw. 5). In Jesaja 48:8b staan: *Ek het geweet dat julle nie vertrou kan word nie, dat julle al van julle geboorte af as oortreders bekend is.*

Wat nou gemaak? Sal die Here ons in ons ellendige staat los? Sal Hy ons weer en weer oordeel en straf? Nee, sê ons Here in Jesaja 48, ter wille van ons behoud en sy Naam en eer, sal Hy ons eerder tug en tot bekering bring.

Ja, maar *nie soos silwer gesmelt word nie*. Klip wat silwer bevat, word oor en oor verhit en gesmelt tot net 'n klein bietjie silwer oor is. So werk God nie met sondaars nie; te intense tug en straf vernietig ons. God wil ons nie vernietig nie, maar verander, vernuwe. God weet: blote tug en swaarkry lewer nie dié resultaat nie. Hoe dan?

God stuur sy Seun (Joh 3:16) – Christus wat God se vuur en straf by ons oorgeneem het. Christus herskep en bemagtig ons, sodat ons wel 'n silwer (rein) lewe kan lei. So word God verheerlik deur dankbare kinders.

Daar is dus 'n pad uit ons ellende!

Sing: Psalm 38:1, 8 (1936)

Dr NP Heystek (Emeritus)